

# my regte,
# my verantwoordelikhede

south african
human
rights
commission

# my regte,
# my verantwoordelikhede

south african human rights commission

# The Constitution

of the Republic of South Africa, 1996




Act 108 of 1996

# my regte, my verantwoordelikhede

## Wat is die Grondwet?

Die Grondwet is die hoogste wet van Suid-Afrika. Dit sit uiteen hoe die regering aanmekaar gesit is en hoe die land bestuur moet word. Aangesien dit die hoogste wet is, kan geen ander wette die Grondwet weerspreek nie. Wette wat die Grondwet weerspreek, moet verander word, en soms word nuwe wette gemaak sodat die ideale in die Grondwet gerealiseer kan word.

Die Handves van Regte in die Grondwet hou rekord van al die regte waarop die mense in Suid-Afrika geregtig is. Hierdie regte kan nie maklik deur wette verander word nie, aangesien hulle spesiaal in die Grondwet beskerm word. Die regte in die Handves van Regte word dikwels deur die howe gebruik saam met wette oor die regte om gevalle oor menseregte te beslis.

## Wat is die Handves van Regte?

Die Handves van Regte is 'n lys van menseregte wat almal het. Dit is opgeskryf in Artikel 2 van ons Grondwet. Die Handves van Regte vorm die hoeksteen van die Grondwet.

## Wat is menseregte?

Menseregte is basiese regte wat almal het, bloot eenvoudig omdat hulle mense is. Hulle hoef dit nie te verdien het nie, en dit is nie voorregte wat deur 'n persoon of regering gegee word nie. Jy het hulle die oomblik wat jy gebore word, en hulle kan nie weggeneem word nie.

Die Handves van Regte voorsien die volgende regte:

## 1 Artikel 9 maak voorsiening vir die reg op gelykheid

Hierdie gedeelte verklaar dat almal gelyk is voor die reg en die reg het op gelyke beskerming en voordeel van die wet. Daar mag teen niemand onregverdig diskrimineer word nie.

Die Handves van Regte lys sekere gronde van diskriminasie en verklaar dat diskriminasie teen enige van hierdie regte as onregverdig beskou word tensy dit bewys is om regverdig te wees.

Die gronde wat gelys word sluit in: ras, geslag, seks, swangerskap, gehude huwelikstatus, etniese of maatskaplike herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, geloof, kultuur, taal en geboorte.

Die reg tot gelykheid word verder beskerm deur Wet 4 van 2000 die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie (WBGVOD).

Die volgende instellings kan iemand wat voel dat daar onregverdig teen hulle gediskrimineer word, bystaan:

### Gelykheidshowe

- Klagtes oor onbillike diskriminasie kan by enige Gelykheidshof ingedien word. Het u geweet? Elke Magistraatshof sit ook as 'n Gelykheidshof!
- Nog inligting oor die Gelykheidshof is beskikbaar op die Departement van Justisie se webtuiste:
  **www.justice.gov.za**

### Die Kommissie vir Geslagsgelykheid (KGG)

Die KGG is 'n onafhanklike instelling wat geskep is in terme van Artikel 9 van die Grondwet. In terme van die Grondwet het hierdie instelling die mandaat om geslagsgelykheid te bevorder, te beskerm, te monitor en te evalueer. Meer inligting oor die KGG is beskikbaar op hulle webtuiste **www.cge.org.za**

Rapporteer Geslagsdiskriminasie en Geweld by (0800) 007 709

## Die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie

Die SAMRK werk aan ongelykheid deur:

- die reg op gelykheid deur onderwys, werkswinkels, materiale om bewussyn te verhoog
- die reg op gelykheid te beskerm deur klagtes te ondersoek en stappe te neem om herstel van onregte te bied waar skendings plaasgevind het
- die reg op gelykheid met betrekking tot mense met gestremdhede, buitelandse burgers, ouer mense en ras, en verslae oor die stand van ongelykheid in Suid-Afrika te monitor, ook teenoor internasionale liggame wat hulle toewy aan die reg op gelykheid, soos die Internasionale Konvensie oor die Uitwissing van alle Vorme van Rassediskriminasie (ICERD)
- Verslae, bevindings en materiale by die Kommissie is toeganklik op versoek aan die Kommissie en op sy webtuiste **www.sahrc.org.za**

## 2 Artikel 10 maak voorsiening vir die reg op menswaardigheid

Hierdie artikel verklaar dat almal inherente waardigheid en die reg het om hul waardigheid gerespekteer en beskerm te hê.

Dit beteken dan almal geregtig is op gelyke respek.

Die reg op waardigheid is nou verbind aan ander basiese regte, en waar ander regte soos die reg op toegang tot water en sanitasie geskend word, word die reg op waardigheid ook dikwels geskend.

## 3 Artikel 11 maak voorsiening vir die reg op lewe

Hierdie artikel maak voorsiening daarvoor dat almal die reg op lewe het. Niemand mag die lewe van ‘n ander mens beëindig nie.

Die reg op lewe vereis die hoogste moontlike beskerming deur die Staat en deur al die mense in die land.

Die hof kan nie meer mense ter dood veroordeel nie, want die Grondwetlike Hof het die doodsvonnis ongrondwetlik verklaar.

Bedreigings van die reg tot lewe word in Suid-Afrika as krimineel beskou, en sodanige bedreigings moet onmiddellik aan die Suid-Afrikaans Polisiediens (SAPD) gerapporteer word.

## 4 Artikel 12 maak voorsiening vir die reg tot vryheid en sekuriteit van die persoon

Hierdie reg maak voorsiening daarvoor dat almal die reg tot vryheid en sekuriteit het, wat insluit:

- Om nie sonder goeie rede van hulle vryheid ontneem te word nie;
- Om nie sonder verhoor in 'n tronk toegesluit te word nie;
- Om vry te wees van alle vorme van geweld;
- Om nie op enige manier gemartel te word nie;
- Om nie op 'n wrede, onmenslike of afbrekende manier behandel of gestraf te word nie;
- Om besluite rakende voortplanting te neem;
- Op sekerheid van en beheer oor hulle liggaam te hê, en;
- Nie gedwing te word om aan mediese of wetenskaplike eksperimente deel te neem nie.
- Regte kom met verantwoordelikhede, en niemand word toegelaat om die regte van ander te skend nie. Dit is noodsaaklik dat ons veral versigtig is om waaksaamheid toe te pas ten opsigte van die regte van mense wat makliker mishandel kan word, soos kinders, mense met gestremdhede en ouer mense, deur by te dra tot die beskerming van die regte van sodanige mense.

Enige persoon wat mishandel word of wat getuie is van die mishandeling van iemand anders, moet die Suid-Afrikaanse Polisiediens kontak. Die Eenheid van Huishoudelike kan ook met beskermingsbevele help.

## 5 Artikel 13 maak voorsiening vir die reg teen slawerny, knegskap en gedwonge arbeid

Hierdie reg bepaal dat niemand onderwerp mag word aan slawerny, knegskap of gedwonge arbeid nie. Hoewel die gevalle van sodanige skendings laag is in Suid-Afrika, ervaar mense wat weerloos is dikwels probleme om hulp te kry wanneer hulle aan gedwonge arbeid onderwerp word. Die Departement van Arbeid, sekere burgerlike organisasies, en die SAMRK moet attent gemaak word op skendings wat dui op slawerny, knegskap of gedwonge arbeid.

## 6 Artikel 14 maak voorsiening vir die reg op privaatheid

Almal het die reg op privaatheid, wat insluit die reg dat:

- Hulle persoon of huis nie deursoek word nie;
- Hulle eiendom nie deursoek word nie;
- Hulle besittings nie van hulle weggeneem word nie, of;
- Daar nie op die privaatheid van hulle kommunikasie inbreuk gemaak word nie.

**HET U GEWEET?**

*Tensy die polisie 'n aanvaarbare vermoede het dat 'n misdaad gepleeg word of gepleeg gaan word, mag die polisie nie jou of jou huis sonder 'n lasbrief deursoek nie!*

Regsgeleerdes kan help wanneer hierdie regte geskend is. Vir meer inligting kan u u regsverteenwoordiger kontak.

Gratis regsadvies en regsverteenwoordiging is beskikbaar deur die Regshulpraad Suid-Africa **www.legal-aid.org.za** of deur verskillende parajuridiese advieskantore by **www.nadcao.org.za**

## 7 Artikel 15 maak voorsiening vir die reg op vryheid van godsdiens, geloof en opinie

Suid-Afrika is 'n sekulêre staat wat die diverse godsdienstige, gewoontereg- en tradisionele praktyke in daardie staat moet respekteer. Daar mag nie teen mense gediskrimineer word op grond van verskille binne hulle gedagtes, gelowe en menings nie. In plaas daarvan moet verskille en diversiteit aangemoedig word sodat hulle floreer en die samelewing verryk.

Nog inligting oor hierdie regte is beskikbaar deur die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalkundige Gemeenskappe. www.crlcommission.org.za

## 8 Artikel 16 maak voorsiening vir die reg op vryheid van uitdrukking

Elkeen het die reg op die vryheid van uitdrukking. Hierdie reg sluit in:

- Vryheid van die pers en ander media;
- Vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;
- Vryheid van artistieke kreatiwiteit; en
- Akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.

Hierdie reg beteken elkeen is vry om hulself deur middel van inligting en idees uit te druk, met spesiale erkenning en beskerming vir die regte van uitdrukking deur wetenskaplike navorsing, die media en akademiese uitdrukking. Hierdie reg moet toegelaat word om tot sy maksimum uitgeoefen te word, en word beperk waar die uitdrukking daarvan geweld aanmoedig of skade aan ander tot gevolg het. In Suid-Afrika word daar algemeen oor haatspraak gekla, gewoonlik op die gronde van ras, etnisiteit, geslag of godsdiens, sosiale herkoms, en wat tot gevolg het dat beide die Kommissie en die gelykheidshowe oor sodanige klagtes uitspraak moet lewer.

Liggame soos die Uitsaai Klagte Kommissie van Suid-Afrika, die Pers Ombudsman, die KVBA hanteer ook klagtes rakende die reg op vryheid van uitdrukking.

## 9 Artikel 17 maak voorsiening vir die reg om te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê

Hierdie afdeling maak voorsiening vir elkeen se reg om, vreedsaam en ongewapen:

- Te vergader, te betoog,
- 'n Betooglinie te vorm en
- 'n Petisie voor te lê.

Hierdie reg bied mense 'n geleentheid om ontevredenheid of eise op 'n vreedsame manier uit te druk. 'n Mens het nie toestemming nodig om protes aan te teken nie, maar jy moet minstens 7 dae voor die dag van die protes aan die owerhede rapporteer.

Meer gedetailleerde inligting oor die reg om protes aan te teken, is beskikbaar in 'n SAMRK-pamflet: Menseregte en Gemeenskapsprotes deur ons webtuiste www.sahrc.org.za.

## 10 Artikel 18 maak voorsiening vir die reg op vryheid van assosiasie

Hierdie afdeling verklaar dat elkeen die reg tot vryheid van assosiasie het.

Tensy vereis deur die wet, wat byvoorbeeld lidmaatskap van sekere professionele liggame vereis, of die vorming van kriminele verbintenisse verbied, mag mense by enige formasie, groep of organisasie aansluit of dit skep.

## 11 Artikel 19 maak voorsiening vir politieke regte

Almal het die reg om vryelik politieke keuses te maak, soos die reg:

- Om 'n politieke party te vorm; en
- Om aan die aktiwiteite van 'n politieke party deel te neem.

Elke burger het die reg:

- Op vrye en regverdige verkiesings;
- Om gedurende die verkiesings in die geheim te stem; en
- Om te staan vir 'n openbare amp en, indien verkies, daardie amp te beklee.

Die Onafhanklike Verkiesingskomitee (OVK) se webtuiste en kantore voorsien op nasionaal vlak gedetailleerde inligting oor die reg om te stem, op verkiesings en deelname.
Die OVK se webtuiste is www.elections.org.za

## 12 Artikel 20 maak voorsiening vir die reg om nie van burgerskap ontneem te word nie

Geen burger mag van sy of haar burgerskap ontneem word nie.

Hierdie reg beteken dat burgerskap nie van burgers weggeneem mag word nie. Wet 88 op Suid-Afrikaanse Burgerskap van 1995 maak voorsiening vir gevalle waar burgerskap onttrek kan word. Die

Departement van Binnelandse Sake is die bewaarder van hierdie reg. Vir meer inligting besoek: www.dha.gov.za

## 13 Artikel 21 maak voorsiening vir die reg op vryheid van beweging en verblyf.

Almal het die reg:

- Om na enige plek in Suid-Afrika te verhuis; en
- Om Suid-Afrika te verlaat, sou hulle dit verkies.

Elke burger het die reg:

- Om enige plek in Suid-Afrika binne te kom, op enige plek te bly en te woon; en
- Om 'n paspoort te hê.

Om aansoek te doen vir 'n paspoort, kontak u plaaslike kantoor van die Departement van Binnelandse Sake.

## 14 Artikel 22 maak voorsiening vir die reg op vryheid van handel, beroep en professie.

Elke burger het die reg om vryelik 'n bedryf, beroep of professie te kies.

Hierdie reg beteken dat elke burger vry is om enige werk te kies wat hy of sy wil doen, of om te kies om sy/haar eie besigheid te begin. Die reg word beperk in ons wet tot werk wat wettig is, en addisionele voorwaardes word geplaas op mense wat nie landsburgers is nie.

Vir nog inligting oor loopbane kan u enige hoër onderwysinstelling kontak.

Vir meer inligting oor hoe om 'n besigheid te begin en om befondsing aan te vra, kontak die Departement van Kleinsake-ontwikkeling deur hulle webtuiste www.dsbd.gov.za

## 15 Artikel 23 maak voorsiening vir werknemers en werkgewers se regte (arbeidsverhoudings)

Almal het 'n reg op billike arbeidspraktyke.

Die vernaamste wetgewing wat arbeidsverhoudings bestuur, sluit in:

- Wet 66 van 1995 die Wet op Arbeidsverhoudings; en
- Wet 75 van 1995 die Wet op Basiese Diensvoorwaardes;

Die Departement van Arbeid is die bewaarder van hierdie reg. Vir meer inligting, besoek www.labour.gov.za

Ander instellings en strukture werk met dispute wat voorkom in die arbeidsomgewing, soos die KVBA, en arbeidshowe. Spesiale onderhandelingsrade is in plek vir elke indiensnemingsektor in Suid-Afrika. Hierdie rade werk met diensvoorwaardes, norme en standaarde en dispute wat 'n impak op arbeid het.

## 16 Artikel 24 maak voorsiening vir omgewingsregte

Almal het die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir hulle gesondheid of welsyn is nie. Regte op 'n veilige omgewing raak toenemend belangrik om te monitor, aangesien besighede en ander belanghebbers werk soos mynbou uitvoer wat kan bydra tot besoedeling en die vernietiging van natuurlike hulpbronne. Besoedeling van die omgewing kan ernstige gesondheidstoestande in gemeenskappe wat aan hierdie besoedeling blootgestel is, veroorsaak. Dus skep hierdie reg 'n verpligting op die staat om te verseker dat die omgewing behoorlik bestuur word.

Die Departement van Omgewingsake is die bewaarder van hierdie reg. Vir meer inligting besoek www.environment.gov.za

## 17 Artikel 25 maak voorsiening vir eiendomsregte

Niemand se eiendom mag van hulle weggeneem word tensy dit in terme van die wet op algemene toepassing is, en geen wet mag arbitrêre ontneming van eiendom veroorloof nie.

## 18 Artikel 26 maak voorsiening vir die reg op toegang tot behuising

Almal het die reg om toegang tot voldoende behuising te hê.

Die SAMRK ontvang 'n aantal klagtes rondom die reg op behuising. Hierdie klagtes strek van klagtes oor vertragings in die voorsiening van behuising, uitsettings en die gehalte van behuising.

Ons howe het uitgebreid uitspraak gelewer oor die reg op behuising, en is besonder versigtig oor die beskerming van hierdie reg, veral waar mense deur uitsettings haweloos gelaat word.

Sommige van die sleutelwetgewing wat die reg op behuising beïnvloed, is:

- Wet 19 van 1998 Die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting van Grond (VOU)
- Wet 62 van 1997 Die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg (WUSV)

Die Departement van Behuising in elke provinsie en binne metropolitaanse munisipaliteite in elke provinsie, en op nasionale vlak is bewakers van hierdie reg.

## 19 Artikel 27 maak voorsiening vir die reg op toegang tot gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekuriteit

Almal het die reg om toegang te hê tot:

- Gesondheidsorgdienste, insluitend voortplantingsgesondheidsorg;
- Voldoende voedsel en water; en
- Maatskaplike sekuriteit, wat insluit as hulle nie in staat is om hulleself en hulle afhanklikes te onderhou nie, toepaslike maatskaplike bystand.
- Niemand mag nood- mediese behandeling geweier word nie.

Die SAMRK het 'n aansienlike oeuvre geproduseer oor elk van hierdie regte deur middel van sy verslae, ondersoeke, en monitering. Hierdie inligting, tesame met 'n feiteblad oor die reg op voedsel en 'n pamflet oor water en sanitasie, is beskikbaar op die SAMRK se webtuiste www.sahrc.org.za

Die volgende liggame is verantwoordelik vir die beskerming, totstandkoming en bevordering van hierdie regte:

- Die Departement van Gesondheid www.health.gov.za
- Die Departement van Maatskaplike Dienste www.dsd.gov.za
- Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid www.sassa.gov.za

## 20 Artikel 28 maak voorsiening vir kinders se regte

Elke persoon onder die ouderdom van 18 het die reg:

Op 'n naam en nasionaliteit van geboorte af;

- Op gesinsorg of toepaslike alternatiewe sorg wanneer hy/sy uit die gesinsomgewing verwyder word;
- Op basiese voedsel, skuiling, basiese gesondheidsorg- en maatskaplike dienste;

- Om beskerm te word teen wanvoeding, verwaarlosing, mishandeling of vernedering;
- Om beskerm te word teen uitbuitende arbeidspraktyke;
- Om nie werk te doen nie wat sal inmeng met sy of haar welsyn, onderwys, fisiese of geestesgesondheid of geestelike, morele en sosiale ontwikkeling;
- Om nie aangehou te word nie, behalwe as 'n laaste uitweg en vir die kortste tydsperiode en om apart van ander aangehoude persone oor die ouderdom van 18 jaar gehou te word;
- Op 'n gratis prokureur;
- Die beste belang van die kind is die belangrikste kwessie wanneer dit kom by enige saak wat 'n kind raak. Dit sluit in sake soos die toesig oor en toegang tot kinders.

Die SAMRK is kindervriendelik, het vriendelike ruimtes, en het spesiale prosedures om klagtes van kinders te ontvang en te werk daaraan om bewustheid van die regte van kinders te verbeter en om beskermingsmaatreëls vir hulle regte te versterk.

Internasionaal beskerm 'n spesiale konvensie die regte van kinders, en die Staat en die SAMRK doen verslag aan hierdie liggaam oor die regte van kinders in Suid-Afrika.

Feiteblaaie, pamflette, plakkate en ander hulpmiddels is vryelik beskikbaar op die SAMRK se webtuiste. www.sahrc.org.za

Ander liggame  wat 'n gerigte fokus op die regte van kinders het, is die volgende:

- Departement van Maatskaplike Ontwikkeling www.dsd.gov.za
- Die Kinderbeskermingseenheid in die SAPD – kontak enige polisiekantoor vir bystand.

Een van die belangrikste wette oor die regte van kinders is die Kinderwet en Regulasies tot die Wet.

## 21 Artikel 29 maak voorsiening vir die reg tot onderwys

Almal het die reg tot:

- 'n Basiese onderwys, insluitend volwasse basiese onderwys; en
- Verdere onderwys, wat die regering deur redelike maatreëls met verloop van tyd beskikbaar en toeganklik moet stel.

Die Departement van Basiese Onderwys en Departement van Hoër Onderwys en Opleiding is die bewakers van hierdie regte. Vir meer inligting besoek die volgende webtuistes:

- www.education.gov.za
- www.dhet.gov.za

## 22 Artikel 30 maak voorsiening vir die reg op taal en kultuur

Elkeen het die reg om die taal van sy keuse te gebruik en deel te neem aan die kultuurlewe wat hulle verkies.

Die volgende instellings is bewakers van hierdie regte. Vir meer inligting besoek die volgende webtuistes:

- Die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad by www.pansalb.org
- KGT-kommissie www.crlcommission.org.za

## 23 Artikel 31 maak voorsiening vir die reg van kulturele, godsdienstige en taalkundige gemeenskappe

Mense wat aan 'n kulturele, godsdienstige of taalkundige gemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om:

- Hulle kultuur te geniet, hulle godsdiens uit te oefen en hulle taal te gebruik nie, en;
- Om kulturele, godsdienstige en taalkundige gemeenskappe en ander organe van die burgerlike samelewing te vorm, by aan te sluit of in stand te hou nie.

Vir meer inligting oor hierdie reg, besoek die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van Kulturele, Godsdienstige en Taalkundige Gemeenskappe by www.crlcommission.org.za

## 24 Artikel 32 maak voorsiening vir die reg op toegang tot inligting

Elkeen het die reg op toegang tot:

- Inligting gehou deur die regering en
- Inligting gehou deur 'n ander persoon wat vereis word vir die oefening of beskerming van enige van hulle regte.

Die SAMRK werk saam met die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting [WBTI] wat die reg op vryheid van inligting hanteer. Hierdie reg is noodsaaklik in gesonde demokrasieë om deursigtigheid te bring, korrupsie aan die kaak te stel, en om te verseker dat mense voorsien word van die inligting wat nodig is om hulle lewens te lei en om deel te neem aan besluitneming op 'n ingeligte manier.

Deur nuwe wetgewing wat persoonlike inligting beskerm, het Suid-Afrika die Inligtingsreguleerder in plek gestel. Die Inligtingsreguleerder sal voldoening aan die WBTI-wetgewing monitor en verligting bied wanneer toegang tot inligting deur die houers van inligting geweier word.

## 25 Artikel 33 maak voorsiening vir die reg op regverdige en administratiewe optrede

Elkeen het die reg op regverdige administratiewe optrede. Dit beteken dat almal die reg het:

- Op regverdige en redelike administratiewe optrede wat deur die wet toegelaat word; en
- Om redes gegee te word vir administratiewe optrede wat hulle op 'n negatiewe manier affekteer.

Die Parlement het 'n wet genoem die Wet 3 van 2000 Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (WBAG) uitgevaardig. Hierdie Wet stel tydsraamwerke waarbinne besluitnemingsliggame antwoorde aan mense moet verskaf, asook redes vir hulle besluite. Administratiewe besluite soos die weiering om lisensies toe te ken, kan deur die howe deur hersieningsprosesse uitgedaag word.

## 26 Artikel 34 maak voorsiening vir die reg van toegang tot howe

Elkeen het die reg om enige wetlike dispuut deur 'n hof beslis te word of, waar van toepassing, 'n ander onafhanklike en onpartydige tribunaal of forum.

Vir meer inligting oor hierdie reg, besoek die Departement van Justisie. 'n Aantal liggame het dispuutresolusie-meganismes in plek in die vorm van tribunale en ombudsliggame. Sulke liggame is daargestel om vinniger resolusie van dispute te verskaf om sodoende regte te beskerm. Die besluite van sulke liggame mag deur die howe hersien word. Voorbeelde van sulke tribunale is die tribunaal by die Kompetisie-tribunaal, die Verhuringstribunaal en die Verbruikerstribunaal.

## 27 Artikel 36 maak voorsiening vir die beperking van regte

Die regte in die Handves van Regte kan slegs volgens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

Dit beteken dat die regte in die Handves van Regte nie absoluut is nie. Mense het kompeterende regte en botsende regte. Een persoon se waardigheid bots byvoorbeeld miskien met 'n ander se vryheid van spraak, en op grond daarvan voorsien die Grondwet die beperkingsklousule. Dié klousule bied 'n toets wat deur elke beperking geslaag moet word voordat basiese regte wetlik beperk mag word.

## Hoe kan menseregte beskerm word?

Ten einde die progressiewe verwesenliking van die regte in die Handves van Regte te beskerm en te monitor, maak Artikel 9 van die Grondwet voorsiening vir die vestiging van instellings wat onafhanklik en onderhewig aan die Grondwet en die wet is. Hierdie instellings is onpartydig en oefen hulle magte en voer hulle funksies uit sonder vrees, bevoorregting of vooroordeel.

## Die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie

Die SAMRK is ‘n instansie wat onafhanklik is van die regering, en geskep is deur die grondwet om respek vir ‘n kultuur van menseregte in Suid-Afrika te bevorder en te beskerm. Die Kommissie het ‘n spesiale “A”-status om te werk met internasionale menseregteliggame om regte te beskerm.

Die Kommissie moet dus die regering adviseer oor sy beleide en prosedures, met ander belanghebbers saamwerk om ‘n dieper verstaan van menseregte te bevorder en stappe te neem waar regte geskend word, sonder vrees of guns of vooroordeel in die belang van al die mense in Suid-Afrika.

## Die funksie van die SAMRK

In terme van Artikel 184 van die Grondwet moet die SAMRK:

- Respek vir menseregte en ‘n kultuur van menseregte bevorder;
- Die beskerming, ontwikkeling en verkryging van menseregte bevorder;
- Die nakoming van menseregte in die Republiek monitor en assesseer.

# Wat doen die SAMRK?

- Die SAMRK ondersoek klagtes van menseregte-skendings en monitor menseregte-klagtes;
- Monitor en doen jaarliks verslag aan die Parlement oor die Staat se vordering met die verskaffing van sosio-ekonomiese regte aan alle Suid-Afrikaners;
- Lei advokaatskap- en uitreikbewustheid om die algemene publiek oor menseregte en die Grondwet te onderrig;
- Monitor die ontwikkeling van nuwe wetgewing om te verseker dat sodanige wetgewing menseregte-standaarde in ag neem;
- Werk saam met die media om inligting van belang vir menseregte te voorsien en om bewustheid van menseregte te bevorder; en
- Lei openbare navrae rondom stelselmatige skending van menseregte.
- Skep ruimtes vir kundiges en ander belanghebbers om menseregte-kwessies, -behoeftes en -ontwikkelings te bespreek;
- Werk met 'n diverse groep van belanghebbers om toepaslike regstelling te verseker waar regte geskend is, of om beter praktyke, beleide en wette in die belang van menseregte te bevorder.

# Klagtes wat deur die SAMRK ondersoek is.

Die SAMRK het die jurisdiksie om enige ondersoek uit te voer met ontvangs van 'n klag oor enige beweerde skending van 'n fundamentele mensereg. Die SAMRK het magte om op sy eie enige skending van of bedreiging vir 'n fundamentele reg te ondersoek.

## Waar klagtes ingedien kan word

'n Klagte kan by enige provinsiale kantoor van die SAMRK ingedien word in die provinsie waar die vermelde skending van 'n fundamentele reg plaasgevind het.

## Wie kan 'n klagte indien?

- Enige persoon wat in sy/haar eie belang optree;
- Enige persoon wat optree namens 'n ander persoon wat nie in sy of haar eie naam kan optree nie;
- Enige persoon wat optree as 'n lid van of in die belang van 'n groep of klas van persone;
- Enige persoon wat optree in die openbare belang, of
- Enige maatskappy of organisasie wat optree in die belang van sy lede.

## Hoe kan klagtes ingedien word?

- 'n Mondeling klagte in persoon of per telefoon.
- 'n Klagte kan ook skriftelik ingedien word.
- Klaers kan ook die aanlyn klagtevorm voltooi wat beskikbaar is by: **www.sahrc.org.za**

# Ander Artikel 9-instellings wat die beskerming en verwesenliking van menseregte monitor:

## Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalkundige Gemeenskappe (KGT Kommissie)

Die primêre doelwitte van die KGT Kommissie is:

- Om respek vir die regte van kulturele, godsdienstige en taalkundige gemeenskappe te bevorder;
- Om, vrede, vriendskap, menslikheid, verdraagsaamheid en nasionale eenheid onder kulturele, godsdienstige en taalkundige gemeenskappe te bevorder en ontwikkel, op die basis van gelykheid, niediskriminasie en vrye assosiasie, en
- Om die vestiging of erkenning, in ooreenstemming met nasionale wetgewing, van 'n kultuur- of ander raad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in Suid-Afrika, aan te beveel.

Die KGT Kommissie het magte om kwessies rakende die regte van kulturele, godsdienstige en taalkundige gemeenskappe te monitor, te ondersoek, na te vors, te onderrig, te bearbei, te adviseer en verslag oor te lewer.

Die KGT Kommissie kan op die volgende details gekontak word:

**Forum 4, Braampark Kantoorpark**
**Hoofdstraat 33 Braamfontein**
**Johannesburg**
**Epos-adres:** info@crlcommission.org.za
**Tel No: (011) 358 9100**

## Die Kommissie vir Geslagsgelykheid (KGG)

Die KGG het 'n mandaat in terme van die Grondwet om respek vir geslagsgelykheid en die beskerming, uitbreiding en bereiking van geslagsgelykheid te bevorder.

In terme van die Grondwet het die KGG die mag om kwessies rakende geslagsgelykheid te monitor, te ondersoek, na te vors, steun voor te verwerf, te adviseer en verslag oor te lewer.

Die KGG kan op die volgende details gekontak word:

**2 Kotzestraat 2, Vrouegevangenis**
**Oosvleuel, Constitutional Hill**
**Braamfontein 2017**
**Tel No: (011) 403 7182**

## Die Openbare Beskermer

Die Openbare Beskermer het die magte om:

- Enige gedrag in staatsake of in die openbare administrasie in enige sfeer van die regering wat na bewering of tot gevolg kan hê dat dit onbehoorlik is of dat dit kan lei tot onbetaamlikheid of vooroordeel,
- Verslag te lewer oor daardie gedrag en
- Toepaslike remediërende stappe te neem.

Die Openbare Beskermer kan gekontak word by :

**Lunnonstraat 175**
**Hillcrest Kantoorpark, Hatfield, Pretoria,0083**
**Tel No: (0800) 11 20 40**

**Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK)**

Die OVK het die mandaat om in terme van die Grondwet:

- Verkiesings van nasionale, provinsiale en munisipale wetgewende liggame in ooreenstemming met nasionale wetgewing, te bestuur, en
- Te verseker dat daardie verkiesing vry en regverdig is.

Die OVK kan gekontak word by:

**Election House**
**Riverside Kantoorpark**
**Heuwellaan 1303**
**Centurion**
**0157**
**Tel No: (011) 622 57 00**
**E-pos:** info@elections.org.za

# Hoe anders word menseregte beskerm?

Benewens die Handves van Regte, ontwikkel internasionale en regionale streeksliggame van tyd tot tyd norme en standaarde oor bepaalde regte wat deur state wat daarmee saamstem, in hulle lande nagekom moet word. Hierdie norme en standaarde neem die vorm aan van konvensies en verdrae. Voorbeelde van sulke instrumente is Die Universele Verklaring van Menseregte, Die Konvensie oor die Eliminasie van alle vorme van Diskriminasie teen Vroue en Die Konvensie oor die Regte van die Kind.

Die Afrika Handves van Menseregte is 'n streeksinstrument wat soos 'n Handves vir Regte vir die hele Afrika-streek is. Wanneer 'n land enige van hierdie dokumente teken, kom dit ooreen om ook die regte wat daarin uiteengesit word, te beskerm. Tot dusver het Suid-Afrika al dié wat hierbo genoem word, geteken, asook verklarings wat vlugtelinge beskerm en 'n verbod op rassediskriminasie plaas. Die Verenigde Nasies (VN) se webtuiste by **www.un.org** verskaf inligting oor al die Verdrae, Konvensies, Protokolle en Verklarings wat Suid-Afrika geteken het.

## Hoe om die SAMRK te kontak

Forum 3, Braampark Kantoorpark, Braamfontein
Johannesburg
Tel No: 011 877 3600
www.sahrc.org.za
E-pos: info@sahrc.org.za
complaints@sahrc.org.za
Twitter: @SAHRCommission
Facebook: SA Human Rights Commission

# Kontakbesonderhede

## PROVINSIALE KANTORE

### Oos-Kaap
4de Vloer, Oxford house,
Oxfordstraat 86, Oos-Londen, 5200
Tel: 043 722 7828/21/25 | Faks: 043 722 7830

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Abongile Sipondo***
Kontak: Yolokazi Mvovo
E-pos: ymvovo@sahrc.org.za

### Vrystaat
Kellerstraat 18, Bloemfontein
Tel: 051 447 1130 | Faks: 051 447 1128

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Thabang Kheswa***
Kontak: Alinah Khompeli
E-pos: akhompeli@sahrc.org.za

### Limpopo
1ste Vloer, Kantoor 102, Biblioteek,
Garden Square, Hoek van Schoeman- en
Groblerstraat, Polokwane
Tel: 015 291 3500 | Faks: 015 291 3505

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr Victor Mavhidula***
Kontak: Mahlatse Ngobeni
E-pos: mngobeni@sahrc.org.za

### Noord-Kaap
Mark- en Scotweg 45,
Ancorley-gebou, Upington
Tel: 054 332 3993/4 | Faks: 054 332 7750

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Chantelle Williams***
Kontak: Zukiswa Louw
E-pos: zlouw@sahrc.org.za

### Wes-Kaap
7de Vloer, ABSA-gebou,
Adderleystraat 132, Kaapstad
Tel: 021 426 2277 | Faks: 021 426 2875

**Provinsiale Bestuurder**
***Adv Lloyd Lotz***
Kontak: Shafeeqah Salie
E-pos: ssalie@sahrc.org.za

### Gautengkantoor
2de Vloer, Braampark Forum 3,
Hoofdstraat 33, Braamfontein
Tel: 011 877 3750 | Faks 011 403 0668

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Buang Jones***
Kontak: Nthabiseng Kwaza
E-pos: nvkwaza@sahrc.org.za

### KwaZulu-Natal
1ste Vloer, Margaret Mncadi 136, Durban
Tel: 031 304 7323/4/5 | Faks: 031 304 7323

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Tanuja Munnoo***
Kontak: Kathleen Boyce
E-pos: kathleenboyce@sahrc.org.za

### Mpumalanga
4de Vloer, Carltex-gebou,
Bellstraat 32, Nelspruit
Tel: 013 752 8292 | Faks: 013 752 6890

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr Eric Mokonyama***
Kontak: Carol Ngwenyama
E-pos: cngwenyama@sahrc.org.za

### Noord-Wes
Heystekstraat 25, Rustenburg
Tel: 014 592 0694 | Faks: 014 594 1069

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Mpho Boikanyo***
Kontak: Poppy Mochadibane
E-pos: pmochadibane@sahrc.org.za

## Hoe om die SAMRK te kontak


Forum 3, Braampark Kantoorpark, Braamfontein

Johannesburg

Tel No: 011 877 3600

www.sahrc.org.za

E-pos: info@sahrc.org.za

complaints@sahrc.org.za

Twitter: @SAHRCommission

Facebook: SA Human Rights Commission


south african human rights commission